# BSc Binne-argitektuur (12132020)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 3 jaar |
| **Totale krediete** | 402 |
| **Kontak** | Prof BP Jekot barbara.jekot@up.ac.za +27 (0)124204052 |

## Programinligting

Binne-argitektuur is die kuns van en wetenskap oor die ontwerp van bepaalde aan-gewese ruimtes. Dit fokus op die behoeftes van die gebruiker en die harmonie tussen argitektoniese ruimtes en die detailontwerp van ruimtes en lewenstylprodukte.

Die gekwalifiseerde student sal oor die vermoë beskik om binne-argitektuur en produkontwerp uit te voer. Daar word spesifiek gefokus op die ontwerpproses, bou- en materiaaltegnologie, gebouklimaat, ergonomie, geskiedenis en visuele kommunikasie binne die interafhanklike konteks van die sosiale, ekonomiese, politiese en tegnologiese prosesse. Dit is belangrik dat die student oor die vermoë beskik om ruimtes drie-dimensioneel te kan visualiseer en probleme kreatief te kan oplos.

Studente word aangeraai om praktiese ondervinding op te doen deur tydens universiteits-vakansies in die kantoor van ’n argitek/binne-argitek werksaam te wees.

’n Gegradueerde wat as binne-ontwerper wil praktiseer, word aangeraai om aansoek te doen om toelating tot die honneursgraadprogram in Binne-argitektuur wat een jaar voltydse studie behels. Om ’n professionele binne-argitek te word, word ’n gegradueerde aangeraai om die MInt(Prof)-program te volg. Kandidate wat professionele binne-argitekte wil word, moet hierna aansoek doen om registrasie vir die BIntHons-graad (een jaar voltyds) en daarna vir die MInt(Prof)-graad (een jaar voltyds). ’n Kandidaat wat ’n interieur- en produkontwerper wil word, moet hierna vir die een jaar voltydse honneursgraadprogram in binne-argitektuur [BIntHons] registreer.

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente.
- ‘n Geldige kwalifikasie met toelating vir graadstudie word vereis.
- Minimum vak- en prestasievereistes, soos hieronder uiteengesit, word vereis. Op eerstejaarsvlak het studente ‘n keuse tussen Afrikaans en Engels as taalmedium. In verskeie gevalle word lesings slegs in Engels aangebied, byvoorbeeld vir keusemodules waar die dosent nie Afrikaans magtig is nie, of indien dit nie ekonomies of prakties regverdigbaar is nie.

- Sal slegs oorweeg word as eerste studiekeuse.
- Keuringsprogram: Keuring sluit 'n onderhoud in.

| Minimum vereistes | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasievlak | | | | | | | | | | | | |
| Afrikaans of Engels | | | | Wiskunde | | | | Fisiese Wetenskap | | | | TPT |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 27 |

## Addisionele vereistes

**Let wel:** Studente wat na ander programme in die Departement Argitektuur wil oorskakel, moet skriftelik toestemming verkry van die toelatingskomitee.

## Ander programspesifieke inligting

**Gelyktydige aanbieding**
Tydens die derde studiejaar moet Ontwerp, Konstruksie, Ontwerp-kommunikasie, Omgewingsleer, Aardleer en Materiaal studies in dieselfde jaar geëksamineer word.

**Toekenning van graad**
Die graad word toegeken aan ’n student wat al die voorgeskrewe krediete vir die programmodules verwerf het.

## Bevordering tot volgende studiejaar

’n Student word bevorder na die volgende studiejaar nadat die vereiste aantal modulekrediete van die vorige studiejaar verwerf is.
Die jaar van inskrywing van die student word deur die inskrywing van die jaar van Ontwerp bepaal.
Studente wat nie vir Ontwerp ingeskryf is nie se studiejaar word bepaal deur die hoogste Ontwerp-module wat die student verwerf het.

**Let wel**: Studente wat nie na die volgende studiejaar bevorder word nie, en wat vir modules in ’n opvolgende studiejaar wil registreer, moet die goedkeuring van die programkoördineerder en Departementshoof verkry.
Studente moet om hertoelating tot die Departement Argitektuur aansoek doen in gevalle waar:

i. ’n student nie na die tweede studiejaar bevorder word nie;
ii. ’n student na herhaling van ’n studiejaar, nie na die daaropvolgende studie-jaar bevorder word nie.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat met eerste registrasie beide Ontwerp 303 en Konstruksie 320 met lof (75%) geslaag het mits die graad binne die minimum voorgeskrewe tydperk voltooi en alle ander finalejaarmodules met eerste registrasie geslaag is met geen hereksamens of spesiale eksamens nie.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 116**

## Fundamentele modules

### Akademiese oriëntasie 112 (UPO 112)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 0.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereiste. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | IBIT Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

## Kernmodules

### Aardleer 110 (AAL 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Inleiding tot die kernbegrippe van ekologie, natuurlike hulpbronne en druk op die omgewing; sistemiese denke; aarde as sisteem; veranderende paradigmas en waardes; ekologiese ontwerpbeginsels; aardverwysing; aardkartering; basiese terreinopname.

### Akademiese inligtingsbestuur 102 (AIM 102)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br>Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Regsgeleerdheid<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Teologie en Religie<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

## Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 4.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br>Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Regsgeleerdheid<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Teologie en Religie |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Vind, evalueer, prosesseer, bied inligtingbronne aan en bestuur hulle vir akademiese doeleindes deur die gepaste tegnologie te gebruik.

## Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 4.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br>Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Regsgeleerdheid<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Teologie en Religie<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Informatika |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

## Keusemodule 110 (ARC 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

## Konstruksie 111 (KON 111)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die konteks van argitektuurtegnologie en die verhoudings tussen tegnologie, teorie, struktuur en materiale. Tekenkonvensies. Tipiese stadserf. Die konstruksie van en materiale vir 'n enkelverdieping woonhuis met baksteen mure en 'n staandak, van die voorbereiding vir bouwerk tot die substruktuur, keermure en vloere.

## Konstruksie 121 (KON 121)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | KON 111 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week, 1 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Voorsetting van die konstruksie van en materiale vir 'n enkelverdieping woonhuis. Bobou: mure, opening, dakke, afwerkings en dienste.

## Ontwerpkommunikasie 120 (OKU 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Kwartaal 3: Inleiding tot basiese rekenaargesteunde ontwerp. Kwartaal 4: Inleiding tot die teorie van strukture: kragte, momente, spanning en vervorming, Young se Modulus, Strukturele komponente: balke, kolomme en kappe

## Omgewingsleer 110 (OML 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Inleidende kontekstualisering van twintigste-eeuse artefakte binne die raamwerk van geskiedenis vanaf die Antieke- tot Moderne-tydperk. Geboutipes as artefakte van materiële kultuur. Benaderings en riglyne tot die studie van die geskiedenis van die omgewing. Begrip vir die proses van endemiese bou en monumentalisering, nedersetting en verstedeliking in verskeie tydperke en omgewings. Interdissiplinêre ondersoek van die leefomgewing as vormgewer aan sosiale interaksie. Die omgewingsgeskiedenis van die Mediterreense Antieke Bronstydperk, Klassieke en Bybelse gemeenskappe.

## Omgewingsleer 120 (OML 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die omgewingsgeskiedenis van en verband tussen Noord-Europa en die Mediterreense streek, die Arabiese Skiereiland en die Indies vanaf die val van Jerusalem tot en met die val van Konstantinopel in 1453 n.C. Tao, Sjinto en die landskap van die Verre Ooste.

## Ontwerp 100 (ONT 100)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 17 studio ure per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Inleiding tot ruimtelike ontwerp en integrering met ondersteunende modules. Ontwerpbeginsels, -vaardighede en -tegnieke. Kleinskaalse ontwerpprojekte en omgewingsinvloede (fisies, sosiaal, kultureel, histories), ruimtebehoeftes en kreatiewe interpretasie. Verwerwing van vaardighede in ontwerpkommunikasie deur verbeelding, intuïsie en konsepdenke. Die verhouding tussen interne en eksterne ruimte. Antropometrie en ergonomie; visuele geletterdheid (visuele media, analise en interpretasie) en kritiek. Die ontwerper as visuele denker. Persepsie; ideogramme. Die ontwikkeling van 'n woordeskat om die ontwerpdissipline te beskryf en te illustreer. Toepaslike teorie wat die ontwerpondersoek rig en ondersteun.

## Ontwerp 100 (ONT 100)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 17 studio ure per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Inleiding tot ruimtelike ontwerp en integrering met ondersteunende modules. Ontwerpbeginsels, -vaardighede en -tegnieke. Kleinskaalse ontwerpprojekte en omgewingsinvloede (fisies, sosiaal, kultureel, histories), ruimtebehoeftes en kreatiewe interpretasie. Verwerwing van vaardighede in ontwerpkommunikasie deur verbeelding, intuïsie en konsepdenke. Die verhouding tussen interne en eksterne ruimte. Antropometrie en ergonomie; visuele geletterdheid (visuele media, analise en interpretasie) en kritiek. Die ontwerper as visuele denker. Persepsie; ideogramme. Die ontwikkeling van 'n woordeskat om die ontwerpdissipline te beskryf en te illustreer. Toepaslike teorie wat die ontwerpondersoek rig en ondersteun.

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 134**

## Kernmodules

### Aardleer 210 (AAL 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Meso-omgewing: Klimaat: atmosferiese samestelling en prosesse, weerstelsels, hittestraling en -oordrag, sonkaarte, sonbeweging en beheer van hittewins. Lug: lugvloeipatrone om strukture, natuurlike ventilasie. Waterdamp: verspreiding, oordrag, kondensasie. Hitte: termiese behaaglikheid en behaaglikheidsaanwysers, termiese gedrag van materiale en strukture, tydsloer, afname en periodieke hitteoordrag.

### Aardleer 223 (AAL 223)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 4.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Kwartaal 3 |

**Module-inhoud**

Die invloed van sosiale, ekonomiese en politieke stelsels op, en die multidissiplinêre benadering tot ontwerpbesluitneming vir inklusiewe omgewings en onbegrensde omgewings. Die toepassing hiervan in ontwikkelende gemeenskappe.

### Aardleer 224 (AAL 224)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 4.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Kwartaal 4 |

**Module-inhoud**

Omgewingsfiltreerders en voorspellingstegnieke: Klank: die fisiese aard van klank, klank- en geraasbronne, oordrag, absorpsie en isolasie, fisiologie van die gehoor, klankbeheer; meting, vlakke, frekwensie-ontleding, A-lading, kamer-akoestiek, galmperiodes. Lig: eienskappe van natuurlike lig, ontwerpkriteria, dagligfaktore, diffusie, kwaliteit, energievereistes en -besparing.

## Gemeenskapsgebaseerde projek 201 (JCP 201)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Informatika |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Hierdie projekgeoriënteerde module is 'n vorm van toepassingsleer wat gerig is op spesifieke gemeenskapsbehoeftes en word ingesluit in alle voorgraadse akademiese programme wat deur die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie aangebied word. Die belangrikste doelwitte met die module is soos volg: (1) Die uitvoering van 'n gemeenskapsverwante projek gerig op die bereiking van 'n voordelige effek op 'n gekose deel van die samelewing, verkieslik maar nie eksklusief, deur betrokkenheid by 'n gedeelte van die samelewing wat anders is as die student se eie sosiale agtergrond. (2) Die ontwikkeling van 'n bewuswording van persoonlike, sosiale en kulturele waardes, 'n ingesteldheid van tot diens te wees, en 'n begrip van sosiale aspekte, met die doel om in 'n verantwoordelike professionele persoon te ontwikkel. (3) Die ontwikkeling van belangrike multidissiplinêre en lewensvaardighede, soos kommunikasie, interpersoonlike en leierskapvaardighede. Assessering in die module sal die meeste van die volgende komponente insluit: evaluering en goedkeuring van die projekvoorstel, assessering van mondelinge en/of geskrewe vorderingsverslae, eweknie-assessering in die geval van spanprojekte, geskrewe terugrapportering deur diegene tot wie die projek gerig is, en finale assessering op grond van die voorlegging van 'n portefeulje en 'n geskrewe verslag.

## Gemeenskapsgebaseerde projek 201 (JCP 201)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Informatika |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Hierdie projekgeoriënteerde module is 'n vorm van toepassingsleer wat gerig is op spesifieke gemeenskapsbehoeftes en word ingesluit in alle voorgraadse akademiese programme wat deur die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie aangebied word. Die belangrikste doelwitte met die module is soos volg: (1) Die uitvoering van 'n gemeenskapsverwante projek gerig op die bereiking van 'n voordelige effek op 'n gekose deel van die samelewing, verkieslik maar nie eksklusief, deur betrokkenheid by 'n gedeelte van die samelewing wat anders is as die student se eie sosiale agtergrond. (2) Die ontwikkeling van 'n bewuswording van persoonlike, sosiale en kulturele waardes, 'n ingesteldheid van tot diens te wees, en 'n begrip van sosiale aspekte, met die doel om in 'n verantwoordelike professionele persoon te ontwikkel. (3) Die ontwikkeling van belangrike multidissiplinêre en lewensvaardighede, soos kommunikasie, interpersoonlike en leierskapvaardighede. Assessering in die module sal die meeste van die volgende komponente insluit: evaluering en goedkeuring van die projekvoorstel, assessering van mondelinge en/of geskrewe vorderingsverslae, eweknie-assessering in die geval van spanprojekte, geskrewe terugrapportering deur diegene tot wie die projek gerig is, en finale assessering op grond van die voorlegging van 'n portefeulje en 'n geskrewe verslag.

## Konstruksie 210 (KON 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | KON 111 en KON 121 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Dubbelverdiepinggeboue: gewapende beton-, staal- en houtraamstrukture. Sigbeton. Lasdraende steenwerk. Kleinhellingdakke en waterdigting, ander staandakafwerkings. Liggewig afskortings. Glas. Skrynwerk. Klein voorgietbetonelemente.

## Konstruksie 220 (KON 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | KON 210 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Grondmeganika: fondamente, kelders en waterdigting. Terreinstrukture: geotekstiele en geomembrane, trappe, mure, keermure, heinings, opritte, skanskorwe, voorafvervaardigde keerblokke. Geboude plantbakke, lapas, braaiplekke, pawiljoene, dekke.

## Materiaalstudies 223 (MST 223)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Inleiding tot materiale met toepassings in die veld van binneontwerp: materiaalfamillies, basiese eienskappe en keuses. Muur(afskorting)-, plafon- en vloerafwerkings. Vensterbekleding. Keramiek as argitektoniese afwerking. Oppervlakteorie 1 (insluitende kleur- en interieur-verftoepassings).

## Omgewingsleer 210 (OML 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die omgewingsgeskiedenis van en die verband tussen Noord-Europa en ‘n nuut ontdekte wêreld in die tydperk vanaf die omseiling van die suidelike Kaappunt van Afrika tot die Industriële Rewolusie.

## Omgewingsleer 220 (OML 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Omgewingsgeskiedenis van die omgewing van Westerse gemeenskappe en hul domeine vanaf die Industriële Rewolusie tot die intellektuele bevraagtekening deur die Modernisme. Suider-Afrikaanse behuisingstipologieë en Westerse artefakte as manifestasie van sosio-politieke realiteite sedert 1488 n.C.

## Ontwerp 203 (ONT 203)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes** | AAL 110, KON 111, KON 121, OML 110, OML 120 en ONT 100 |
| **Kontaktyd** | 17 studio ure per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die proses en produk van ontwerp deur integrasie van die inhoud van ondersteunende modules. Ruimtelike ontwerp as respons tot gebruiker. Ontwerp van inklusiewe omgewings, hergebruik van argitektoniese ruimte, beplanning en vormgewende prosesse, produksie en identiteit as ontwerpdeterminante. Die invloed van persepsie, ergonomie en die tektoniese op ruimtemaking. Scenografiese, produk, uitstal of installasie-ontwerp. Vaardighede: opstel van programme, ontleding van argitektoniese ruimte, tydsbenutting, gevorderde grafiese en reprografiese tegnieke. Toepaslike teorie wat die ontwerpondersoek in binne-argitektuur rig en ondersteun.

## Ontwerp 203 (ONT 203)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |
| **Voorvereistes** | AAL 110, KON 111, KON 121, OML 110, OML 120 en ONT 100 |
| **Kontaktyd** | 17 studio ure per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die proses en produk van ontwerp deur integrasie van die inhoud van ondersteunende modules. Ruimtelike ontwerp as respons tot gebruiker. Ontwerp van inklusiewe omgewings, hergebruik van argitektoniese ruimte, beplanning en vormgewende prosesse, produksie en identiteit as ontwerpdeterminante. Die invloed van persepsie, ergonomie en die tektoniese op ruimtemaking. Scenografiese, produk, uitstal of installasie-ontwerp. Vaardighede: opstel van programme, ontleding van argitektoniese ruimte, tydsbenutting, gevorderde grafiese en reprografiese tegnieke. Toepaslike teorie wat die ontwerpondersoek in binne-argitektuur rig en ondersteun.

## Tekstiele: bruikbaarheid, vesels en garings 212 (TKS 212)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 14.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week, 1 ppraktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Verbruikerswetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Bruikbaarheidsaspekte: basiese komponente van tekstiele, verbruikersbesluitneming, bruikbaarheidsaspekte wat duursaamheid, gemak, versorging, gesondheid/veiligheid/beskerming en estetiese aspekte insluit. Vesels en garings: Veselstruktuur en -gedrag, insluitende tekstielchemie, veselmorfologie en -vorming, vesel eienskappe, klassifikasie en identifikasie. Garingstruktuur en -gedrag (insluitende gespinde garings, filamentgarings, vervaardiging van eenvoudige garings, mengelgarings, saamgestelde en siergarings).

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 152**

## Kernmodules

### Aardleer 320 (AAL 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | AAL 210 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Ekosistemiese denke vir die ontwerper in terme van kultuur, wetenskap en omgewing. Die ontwerper as kritikus; ontleding van presedente. Toepassing van die beginsels van volhoubare ontwikkeling en ekologiese ontwerp, insluitend energiebehoeftes en doeltreffendheid en energieverspreiding.

### Besigheidsreg 310 (BER 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Handelsreg |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Inleiding tot die reg. Algemene beginsels van kontrakreg. Spesifieke kontrakte: koopkontrakte, werkaannemingskontrakte. Verteenwoordigingsreg. Algemene aspekte van die ondernemingsreg. Dispuutbeslegting – mediasie en arbitrasie.

### Konstruksie 310 (KON 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | KON 210 en KON 220 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Paaie: ontwerp en konstruksie; materiale en afwerkings, randstene. Waterelemente: ontwerp en konstruksie. Straatmeublement. Konstruksietoerusting. Terrein- en geboudienste: waterleidings, sanitêre loodgieterswerk en bogrondse/binnenshuise pypstelsels, ondergrondse riolering, elektrisiteit, gas. Elektriese verligting: lig, lamptipes, ligarmature; verligtingsvereistes. Ontwerptoepassing

## Konstruksie 320 (KON 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | KON 310 GS |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Integrering van die voorafgaande kursuswerk. Inleiding tot struktuurnorme en -standaarde, boutekenpraktyk en spesifikasies. Kosteberaming, uitvoerbaarheid en betaalbaarheid. Gevorderde materiale: keramiek, polimere, hegmiddels, verf, metale, glas. Menslikevervoerstelsels: tipes, toepassings. Ontwerp van ‘n klein kommersiële gebou/landskap/binne-ruimte (in ONTWERP): die voorbereiding van konstruksietekeninge daarvan.

## Materiaalstudies 313 (MST 313)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | TKS 212 en MST 223 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Onkonvensionele konstruksiemateriale: eienskappe, toepassings.

## Materiaalstudies 323 (MST 323)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | MST 313 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Materiaaltoepassing in kunsmatige omgewings: • Ontwikkeling van moderne materiale en prosesse in produkontwerp • Voegteorie • Nuwe toepassings in tegniese tekstiele, polimere en ander kunsmatige materiale • Materiaalkeuse en tegniese ontwikkeling in aansluiting met projekte in Ontwerp (ONT 303) en Konstruksie (KON 320).

## Ontwerpkommunikasie 313 (OKU 313)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 2 studio ure per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Gevorderde grafiese- en voorstellingstegnieke.

## Omgewingsgeskiedenis 310 (OMG 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Omgewingsgeskiedenis van Afrika-gemeenskappe tussen die Keerkringe tot hede, beskou binne die globale konteks.

## Omgewingsgeskiedenis 320 (OMG 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Omgewingsgeskiedenis van gemeenskappe in Suidelike Afrika vanaf die Ou Steentydperk tot hede.

## Omgewingsleer 310 (OML 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Normatiewe posisies: Normatiewe posisies wat ontwerpdenke rig. Oppervlakgesindheid, breë neigings, en kenmerkende eienskappe. Die problematiek van substansiëring. Teorie en die praktyk. Teorie van ontwerpdissiplines: ‘n Hermeneutiese waardering van kontemporêre filosofiese rigtings wat die huidige intellektuele konteks definieer waarin die ontwerpdissiplines uitgevoer en waardeer word. Die kontekstualisering van kultuur, filosofie en wetenskap as die ekosisteem van die ontwerper. Behuisingstudies: Kontemporêre teorie, benaderings en projekte in behuising. Die ontwikkeling van ‘n persoonlike benadering.

## Omgewingsleer 320 (OML 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | OML 310 GS |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die verhouding tussen globale intellektuele bewegings en die plaaslike debat. Die waardering van huidige ontwerpproduksie en die vestiging van identiteit deur ontwerp. Aanbieding is programspesifiek.

## Ontwerp 303 (ONT 303)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |
| **Voorvereistes** | KON 210, KON 220, OML 210, OML 220 en ONT 203 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 17 studio ure per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Semester 1 Die proses van ontwerp deur die integrasie van ondersteunende modules. Ontwerp van ruimtes met die klem op laterale denke en ritueel deur omskepte hergebruik. Vaardighede: tegnologies-onderlegde reprografiese tegnieke, kompetisies en uitstallings, besluitneming en tydsbestuur. Semester 2 Die produk van ontwerp deur die integrasie van ondersteunende modules. Die ontwerp van ’n kommersiële projek binne ’n bestaande argitektoniese ruimte in stadsverband en met ’n komplekse program ontwikkel tot konstruksietekeninge in KON 320. Korporatiewe identiteit, statutêre vereistes, uitvoerbaarheid en betaalbaarheidstudies, huurdersamestelling.

## Ontwerp 303 (ONT 303)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |
| **Voorvereistes** | KON 210, KON 220, OML 210, OML 220 en ONT 203 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 17 studio ure per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Argitektuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Semester 1 Die proses van ontwerp deur die integrasie van ondersteunende modules. Ontwerp van ruimtes met die klem op laterale denke en ritueel deur omskepte hergebruik. Vaardighede: tegnologies-onderlegde reprografiese tegnieke, kompetisies en uitstallings, besluitneming en tydsbestuur. Semester 2 Die produk van ontwerp deur die integrasie van ondersteunende modules. Die ontwerp van ’n kommersiële projek binne ’n bestaande argitektoniese ruimte in stadsverband en met ’n komplekse program ontwikkel tot konstruksietekeninge in KON 320. Korporatiewe identiteit, statutêre vereistes, uitvoerbaarheid en betaalbaarheidstudies, huurdersamestelling.

## Praktykbestuur 320 (PJS 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die struktuur van die bou-omgewing in Suid-Afrika; basiese beginsels en tegnieke van projekbestuur en finansiële bestuur: metodiek van meetwerk: boukosteramings; uitvoerbaarheidstudies; ekonomiese ontwerp; kontrakadministrasie; waardering van geboue.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis

dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.